



# LAERSKOOL TUINRAND



## SKOOLREËLS

### INLEIDING:

- ❖ Die beeld van Tuinrand moet met trots na buite gedra word. Elke leerder moet trots wees om 'n Tuinrander te wees. 'n Leerder van ons skool se taalgebruik en gedrag moet altyd onberispelik wees. Respek vir 'n onderwyser, 'n ander leerder se persoon en eiendom moet deurentyd gehandhaaf word.

### Algemene reëls vir kleredrag:

- **Somersdrag:**

- Merk aseeblyf alle klere, kouse, skoene, hemde, skorte, kort skoolbroeke, baadjies ens.
- Sport vir die seuns is 'n kort navy blou sportbroek met 'n wapen op, met gholfhempie.
- Sportdrag vir dogters is hulle skooldrag : skirt, blou skoolgholfhemp. Skooldrag vir dogters, blou gholfhemp met blou skirt blou / wit kort skoolkouse met swart skoolskoene.  
Seuns skooldrag : Kort grys broek met grys lang skoolkouse, met swart skool skoene.

- **Wintersdrag:**

- Dogters: Navy blou gholfhemp met skoolwapen en / of grys langbroek / sweetpakbroek en baadjie / Drymac met grys lang skoolkouse of blou/wit kouse met swart skoolskoene.
- Seuns: Navy blou hemp met grys langbroek met grys skoolkouse met swart skoolskoene . Navy blou sweetpakbaadjie / skooldrymac.

**LETWEL:** As u nog skooldrag het soos tans, mag u kind daardie drag gebruik totdat dit vervang moet word.

### **HIERDIE SKOOLDRAG SAL GELEIDELIK INFASEER.**

Ons skoolverskaffers is Zuriël, telefoon 012 379 7500, wat geleë is in Hendrikstraat, Hermanstad.

### **Gewone klere op sekere dae:**

- Geen ekstra kort "sjoe-broekies" sal toegelaat word nie, net ordentlike kortbroeke.
- Geen halternekkrokke en bloese of skouerlose bostukke nie.
- Geen kort bloese waarvan die middellyf uitsteek nie, m.a.w. geen "boobtubes" nie.
- Geen uitspattige kleredrag onder seuns sowel as dogters sal toegelaat word nie.

## **ALGEMENE REËLS VIR VOORKOMS:**

### **1.1 Meisies:**

#### **1.1.1 Juwele:**

- Horlosies om die pols. (Geen uitspattige horlosies).
- Dogters mag silwer of goue deursteeke oorkrabbertjies (2mm) deursnee of klein oorringetjies dra. Klein deursteeke oorkrabbertjies met 'n deurskynende of blou steentjie mag ook gedra word. Oorkrabbertjies word deur dogters per pare gedra en slegs een per oor op die normale oorbel posisie.
- Dogters mag een seëlring dra. Slegs aan die ringvinger van die regterhand.
- Onwettige juwele sal gekonfiskeer word en kan aan die einde van die jaar teruggekoop word teen R5 per item.

#### **1.1.2 Naels:**

- Slegs kleurlose naellak mag gedra word. Naels moet kort, netjies en skoon wees.
- Geen vals naels of naels wat met naeltegniek versorg is nie.

#### **1.1.3 Hare:**

- Hare wat aan die onderste rand van die boordjie raak moet vasgemaak word.
- Die kuif mag nie in die oë hang of aan die wenkbroue raak nie.
- Slegs donkerblou of wit haarrekkies, "Alice bands" en knippies mag gedra word.
- Slegs funksionele knippies sonder "detail" mag gedra word.
- Geen kleurveranderings of permanente golwings is toelaatbaar nie. Slegs haarstyle wat by 'n skooldogter pas is toelaatbaar.
- Ondanks bogenoemde reëls mag 'n skooldogter steeds aangespreek word as haar hare nie netjies vertoon nie.

### **2.2 Seuns:**

#### **2.2.1 Juwele:**

- Seuns dra geen juwele nie. Slegs mans polshorlosies.
- Naels moet kort en netjies gesny wees.

#### **2.2.2 Hare:**

- Die tradisionele snit by Afrikaanse skole is dat seuns se hare KORT EN NETJIES moet wees. Geen afwykende haarstyle is aanvaarbaar nie. (Onder "afwykende" word verstaan moderne snitte soos "punk", "steps" "angel wings" "mohawk" ens.) Die skool hou hom die reg voor om te besluit wat kort en netjies is. Oor die algemeen kan die volgende gestel word:
- Hare moet skoon, netjies en gekam wees.
- Hare mag nie laer as 'n vingerbreedte bokant die wenkbroue hang as dit vorentoe gekam word nie.
- 'n Bakkebaard mag nie laer as die middel van die oor wees nie.

- Wanneer hare aan die kant van die kop regaf gekam word, mag dit nie oor die ore hang nie, dit mag wel raak.
- Hare in die nek mag nie loshang of weens die lengte daarvan krul nie. Hare moet geleidelik korter word na onder. Hare mag gelyk gesny word, maar dan moet die nek deeglik skoon gehou word.
- Hare bo-op die kop moet kort wees sodat dit ten alle tye netjies vertoon.
- Hare of dele daarvan mag nie gekleur word nie.
- Indien jel gebruik word, moet die hare steeds netjies vertoon.
- Ouers sal skriftelik in kennis gestel word indien leerders nie aan vereistes voldoen nie.
- U as ouer het die verantwoordelikheid om nie u kind in die verleentheid te stel deur hom/haar skool toe te stuur met 'n onaanvaarbare haarstyl nie.

### **3.0 ONS GEDRAG:**

- Leerders moet ons skool se naam in ere hou deur onberispelike gedrag in openbare plekke, in busse, op straat, op fietse, ens.
- Wanneer 'n onderwyser of besoeker die klas binnekom, groet altyd beleefd.
- 'n Vriendelike groet teenoor 'n onderwyser of enige ander persoon moet altyd 'n kenmerk wees van ons leerders. Beleefdheid moet eie aan ons wees.
- Tydens afkondigings oor die interkom moet daar absolute stilte heers.

### **4.0 AFWESIGHEDE:**

- Ouers moet die skool in kennis stel as leerders nie die skool kan besoek nie (telefonies - voor 09:00)
- 'n Leerder wat afwesig was, moet dadelik, wanneer hy weer terug is by die skool, 'n brief bring met die rede vir afwesigheid en die datum waarop die leerder afwesig was.
- Leerders wat by die skool siek word, moet vergesel word van die klasleier en moet by die sekretaresse aanmeld. Indien nodig, sal die ouers gekontak word om die leerder by die kantoor te kom afhaal.
- Niemand mag die skoolterrein gedurende skoolure verlaat indien die leerder se ouers hom/haar nie uitgeteken het nie.
- Doktersafsprake moet sover moontlik vir die middag gereël word.
- Leerders moet hulle ouers inlig in watter klas hulle is (bv. Gr. 7 V of Gr. 3 S) sodat dit in alle briewe of telefoongesprekke gemeld kan word.

### **5.0 ONS SKOOLTERREIN:**

#### **5.1 Terrein:**

- Ons terrein is ons trots en alle leerders is mede-verantwoordelik vir die netheid daarvan.
- Plantegroei en bome mag nie beskadig word nie. Beskerm dit.
- Papier, oorskietkos, skille, koeldrankhouers, ens. moet in die vullishouers gegooi word.
- Niemand mag die skoolterrein gedurende skoolure of nadat hy die skoolterrein in die oggend betree het, verlaat nie.
- Leerders mag nie oor grensdrade klim, bome klim, takke afbreek of blomme pluk nie.

- Die pawiljoene moenie as 'n speelterrein beskou word nie.
- Geen kind word op die motors se parkeerterrein toegelaat nie, ook in die middag na skool.
- Daar mag nie aan elektriese installasie, apparaat of brandbestrydingstoerusting gepeuter word nie.
- Die voorportaal en gang van die adminblok mag slegs in uitsonderlike gevalle gebruik word deur leerders. Die administratiewe kantore mag slegs onder toesig betree word.

## 5.2 Klaskamers:




- Eet gedurende lestye of wisseling word streng verbied.
- **GEEN kougom word by die skool toegelaat nie - nie voor skool, gedurende onderrigtyd of tydens pouses nie.**
- Leerders word nie voor skool of tydens pouses in klaskamers toegelaat nie.
- Geen banke, tafels en stoele mag verniel word nie. Daar mag ook nie op hulle gekrap word nie.
- Geen leerder mag voor skool, smiddags of gedurende pouses in enige lokaal, op die stoepe, of op die motors se parkeerterrein wees nie. (Tensy deur 'n onderwyser so gemagtig).
- Geen leerder mag 'n klaskamer se vensters oop of toe maak nie.

## 5.3 Saal

- Niemand mag in die saal wees sonder toestemming nie.
- Geen leerder mag sonder toesig en toestemming van 'n personeellid op die saal se klavier speel nie!

## 5.4 Fietsloods

- Fietse moet in die naskoolsentrum gebêre word en moet gesluit wees.
- Fietse mag nie in of uit die skoolterrein gery word nie, maar moet gestoot word.
- Geen fietse word toegelaat op stoepe nie.
- Fietse, "rollerblades", skaatse mag nie binne die skoolterrein gery word nie.



## 6.0 KLEEDKAMERS:


- Ons moet te alle tye trots wees op ons kleedkamers. Ander skole besoek ons!
- Kleedkamers moet skoon en sindelik gehou word - laat dit in dieselfde toestand as waarin jy dit graag sal wil aantref.
- Daar mag nie teen die mure, ens. van die kleedkamers geskryf word nie.

## 7.0 POUSES:

- Leerders speel op voorgeskrewe terrein.
- Geen gevaarlike speletjies mag voor skool of gedurende pouses gespeel word nie. Geen balle, slegs tennisballe.

- Pouses word benut om toilet toe te gaan, hande te was, water te drink, te speel en verversings te geniet.
- Geen leerder mag pouses die terrein verlaat sonder die toestemming van die hoof/adjunkhoof nie.
- Geen gevaarlike speelgoed soos messe, rekke of skerp stokke mag mee gespeel word nie.
- Geen gevaarlike speletjies mag gespeel word nie.
- Leerders speel op die terrein soos aangewys.
- Geen spelery in die tuine of beskadiging aan die bome en plante nie.
- Geen rommel mag tydens pouse gestrooi word nie.
- Geen leerder tydens pouse op die stoepe of in die klaslokale nie, tensy toestemming verleen of vergesel van 'n personeellid.
- Alle klagtes gedurende pouses moet eers deur die leier en personeellid aan diens hanteer word voordat dit onder die aandag van die adjunkhoof/hoof gebring word.
- As die klok lui beweeg die leerders na hulle klasse.
- Geen water mag dus gedrink word of kleedkamers besoek word nadat die klok gelui het nie.

## 8.0 BOEKE:



- Handboeke word nog deur die skool voorsien. Dit moet volgens voorskrifte oorgetrek en netjies gehou word.
- Leerders wat hulle skuldig maak aan vandalisme sal aanspreeklik gehou word vir die volle koste van die boeke. Indien 'n handboek verlore of onbruikbaar verniel is, moet die leerder R150 per handboek inbetaal. **Leesboeke kos R100,00.**
- Skrifte word grotendeels ook deur die skool voorsien, dit moet ewe-eens oorgetrek en netjies gehou word. Onderwysers in verskeie leerareas sal riglyne gee vir die gebruik en hantering van skrifte.
- Die beskerming en versorging van handboeke en skrifte is die volle verantwoordelikheid van elke leerder. Handboeke moet vir 'n sekere aantal jare gebruik word en kan nie voor die tyd vervang word nie.

## 9.0 SAALOPENING

- Die saal word altyd ordelik betree onder toesig van 'n onderwyspersoneellid.
- Die saal word betree vanaf die sydeure en nie deur die portaal nie.
- Geen verversings word in die saal genuttig nie.
- Gordyne of vensters word nie deur leerders oop of toe gemaak nie.
- Daar word nie van die verhoog afgespring nie, maar daar word van die trappe gebruik gemaak.
- Daar word nie in die saal gepraat nie.

## 10.0 AANTREE EN WISSELING:

- Leerders moet ten alle tye in die skoolgebou links hou en netjies agtermekaar stap.
- Beweeg asseblief flink en ordelik.

- Tasse word ordelik geplaas by die onderwyser se klas by wie leerder eerste periode is. Vertrek daarna direk na speelterrein.
- Na die lui van die eerste klok stap leerders flink na die aantreeplek / klas en met die lui van die tweede klok staan leerders stil en ordelik.
- Daar word nie op die stoepe geraas of gepraat nie.
- Op die trappe word daar altyd links gehou, wanneer daar van die linkervleuel af verdaag word en regs wanneer van die regtervleuel verdaag word. Die ry wat na die boonste vloer gaan, loop in die middel op.

#### 11.0 VERDAGING:

- Met die eerste klok word daar afgesluit met gebed.
- Na die lui van die tweede klok verdaag leerders stil en ordelik en verlaat die terrein onmiddellik.

#### 12.0 SKOOLVERLATING:

- Die ouer stel die skool per brief in kennis indien 'n leerder die skool gaan verlaat. (Meld kind se klas, rede vir verlating en/of plek waarheen u verhuis).
- 'n Oorplatingskaart sal alleenlik oorhandig word indien:
  - ❖ Die leerder sy handboeke en mediaboeke ingehandig het.
  - ❖ Geen skoolgelde aan die skool verskuldig is nie.
  - ❖ Indien 'n handboek verlore of onbruikbaar verniel is, moet die leerder R150 per handboek inbetaal. Leesboeke kos R100,00.

#### 13.0 EIE TOERUSTING:

- Behoorlike en voldoende skryfgereedskap is nodig.
- Leerders moet hulle eiendom goed oppas en op veilige plekke laat. Ander leerders se eiendom moet gerespekteer word.
- Alle toerusting moet gemerk wees - dit geld ook vir leerders se klere, skryfbehoeftes, ens.
- Geen speelgoed word toegelaat nie. Dit sal gekonfiskeer word en kan aan die einde van die jaar teen R5 per item teruggekoop word.
- Rugby- en krieketballe mag slegs vir oefeninge of tydens L. O. periodes gebruik word.

#### 14.0 SELFONE:

Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid t.o.v. selfone / balle ens. nie.

Indien u kind 'n selfoon by die skool het, moet dit afgeskakel en in sy/haar tas gebêre wees. Geen leerder mag oproepe (of SMSe) ontvang of maak gedurende skoolure nie. Indien 'n selfoon afgevat word, moet die leerder R50 by die kantoor inbetaal om dit terug te kry. Fone sal slegs op Vrydae teruggegee word.

## 15.0 EKSAMENS, TOETSE EN RAPPORTE:

- Jaarliks word eksamens/toetse op 'n vaste datum geskryf. Die eksamen/toetsrooster word sowat 'n maand voor die aanvang van die eksamen/toetse aan die leerders beskikbaar gestel.
- Na afloop van elke eksamen/toetsreeks word 'n rapport deur die leerder huis toe geneem vir insae en ondertekening deur die ouers.
- Belangrike aangeleenthede voortspruitend uit leerders se prestasies kan daarna op oueraande met die betrokke onderwyser bespreek word in die bepaalde vak.
- Aangesien die rapport 'n belangrike inligtingstuk aan die ouers is, word ouers versoek om 'n deeglike studie van alle gegewens op die rapport te maak en vroegtydig die skool te kontak en probleme te bespreek.
- Daar sal baie streng opgetree word teen leerders wat hulle skuldig maak aan oneerlikheid tydens eksamens en toetsreekse.
- Indien 'n leerder afwesig is op 'n toets- of eksamendag, móét 'n mediese sertifikaat ingehandig word.

## 16.0 INSKRYWING VAN NUWE LEERDERS:

- Nuwe leerders moet deur hulle ouers vergesel word.
- Die volgende dokumentasie word vereis:
  - ☞ 'n Oorplatingskaart van die vorige skool
  - ☞ Jongste rapport (indien moontlik)
  - ☞ Afskrif van vader ID
  - ☞ Afskrif van moeder ID
  - ☞ Afskrif kind geboortesertifikaat
  - ☞ Afskrif kliniekkkaart / immuniseringskaart

## 17.0 LAAT OPDAAG VIR SKOOL:

- ☞ Leerders wat laat opdaag vir skool word aangeteken in 'n boek.
- ☞ Indien 'n leerder voortdurend laat opdaag, sal u as ouer gekontak word.

## 18.0 TOESIG OOR LEERDERS:

Geen leerder mag nadat die skoolverdaag het, nog op die terrein wees óf speel nie. Leerders moet of dadelik gehaal word of by die Naskoolsentrum ingeskryf word.

## 19.0 SLOTOPMERKING:

Die finale diskresie by die interpretasie van hierdie reëls berus by die Beheerliggaam van Laerskool Tuinrand. Die Beheerliggaam behou hom die reg voor om hierdie skoolreëls te wysig soos en wanneer hy dit mag nodig ag.

Mj

**Afskeurstrokie:**

**Onderneming t.o.v. skoolreëls**

Hiermee erken ek \_\_\_\_\_ (naam van kind)  
in Gr \_\_\_\_\_ dat ek kennis geneem het van Laerskool Tuinrand se skoolreëls en onderneem om  
daarby te hou.

\_\_\_\_\_  
Handtekening (leerder)

\_\_\_\_\_  
Handtekening (ouer)

\_\_\_\_\_  
Datum